Hertzog-wenner in Pretoria

# Leroux kom haal sy prys

**Van Ons Pretoriase Personeel**



*Etienne Leroux, wat vandag die Hertzogprys vir Afrikaanse prosa in Pretoria ontvang, is gister afgeneem terwyl hy kyk na 'n nuwe druk van die roman wat gister in Pretoria aangekom het.*

PRETORIA.

**NOGAL 'n ongemaklike petalje of twee het Etienne Leroux, skrywer van Sewe Dae by die Silbersteins, oorgekom. Hy het met sy gesin van die plaas Ja-Nee by Koffiefontein af in Pretoria aangekom om vandag die Hertzogprys op die jaarvergadering van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns in ontvangs te kom neem.**

Gister keer 'n vreemdeling hom voor en sê: „Ekskuus, Meneer, maar jy lyk darem presies soos daardie kêrel wat met sy boek al die gen . . . veroorsaak het."

Die skrywer meen die bohaai oor die roman en die bekroning het baie daartoe bygedra om die aandag van die publiek — ook diegene wat hoogstens ligte lektuur of net Engelse boeke lees — weer op skryfwerk wat vir hulle bedoel is te vestig en seker nie net op die Hertzogprysboek nie.

**BRIEWE**

Van al die briewe wat hy van belangstellendes ontvang het, was daar nie een wat beledigend of krenkend was nie — hy probeer hulle persoonlik afsonderlik beantwoord.

In hierdie gunstige omstandighede het die roos net een dowwe blaar — hy voel jammer oor die kritiese houding, veral van kerklike kant. Sy familie is kerkmense en hy self is 'n familievaste gesinsman.

Na vandag se groot gebeurtenis word hy vergesel van sy gesin. Sy vrou, Reneé le Roux, is die bekende Vrystaatse kunstenares, sy dogters Cherie (15) en Helise (13) is in die N. G. Kerkskool, Hoërmeisieskool Oranje, en Stephanus (10) is 'n besige man op die plaas.

**OUD-MIN. LE ROUX**

Sy ouers, oud-minister en mev. S. P. le Roux, en sy susters, mev. (dr.) Hannelie Rabie en mev. (dr.) E. de la Harpe, woon in Pretoria.

Die skoon drukproewe van sy volgende boek wat hy voltooi, het nog voordat die spanning oor die Hertzogprys ontstaan het, het hy gister van sy uitgewer gekry. Die naam is „Een vir Azazan". Hierdie naam het verband met die oud-Hebreeuse mite in verband met 'n sondebok, of oudheidense woestyngod of soms word dit in verband met 'n vampier gebruik.


Die naam Azazan kom ook as sondebok voor in die boek Levitikus in die Bybel.

Die uitgewer meen dat die boek in Augustus gereed sal wees. Gister het die derde druk van die Sewe Dae by die Silbersteins — 'n boek wat weke lank onverkrygbaar was — in Pretoria aangekom.

# Die Transvaler

TELEFOON 44-9182 — POSBUS 8124 — JOHANNESBURG ★ ★ AS NUUSBLAD BY DIE HOOFPOSKANTOOR INGESKRYF

Sewe-en-twintigste Jaargang. Nr. 230. PRYS 3c SATERDAG 27 JUNIE 1964

## Skrywer en sy gesin

*Etienne Leroux, sy eggenote, Reneé le Roux, die kunstenares, Dan Helise (13) en die oudste kind, Cherie (15). Sy seuntjie, Stephanus (9), was nie beskikbaar nie — „baie besig".*